

Wanneer spuit ek vir

Sclerotinia?

Die tyd van toediening sal afhang van klimaatstoestand en kan dus van jaar tot jaar verskil. As 'n algemene riglyn moet daar tussen 20 tot 30% blom gespuit word, maar in sommige jare wanneer die klimaatstoestand nie gunstig is vir die siekte om te ontwikkel nie, kan 'n later bespuiting (nie later as 50% nie) meer ideaal wees. Indien toestande steeds ongunstig bly vir die ontwikkeling van die siekte (warm, droë toestande) na 50% blom, sal 'n swambespuiting onnodig wees.

Die rede hiervoor is dat na 50% blom (volblom - helderste geel) is die meeste van die blomme op die sytakke, met ander woorde die risiko vir die blomblaartjies om op die hoofstam te val raak kleiner om sodoende ekonomiese skade aan te rig.



Foto's verskaf deur Piet Lombard

Hoe lyk die % blom:

10% blom:

10 oop blomme
aan hoofhalm.

20% blom:

14 to 16 oop blomme
aan hoofhalm.

30% blom:

20 oop blomme
aan hoofhalm.

40% blom:

30 of meer oop
blomme aan hoofhalm.

Pasgevormde peule asook afgespeende blomme word ook as "oop blomme" getel. 'n 10% verandering in blompersentasie neem ongeveer tussen drie tot vier dae. Die tyd van bespuiting is krities om die siekte effektief te beheer.

10% BLOM



20% BLOM



30% BLOM



50% BLOM



Hoekom spuit ons in blomtyd?



Aangesien die blomblaartjie so 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van *Sclerotinia* (soos voorheen verduidelik), is dit baie belangrik om 'n swambespuiting saam met die piek blomperiode van die kanola te laat val.

Swammiddels maak nie gesond nie, maar voorkom dat spore op blomblare groei nadat blomblaartjies op blare en op stam geval het. Dit is makliker om blomme raak te spuit bo-aan plant gedurende die piek blomperiode as wanneer dit al klaar geval het. Dis hoekom blomme die teiken is.

Bespuitings voor 20% blom is nie effektief nie, aangesien geen blomme al geval het nie en geen peule al gevorm het nie. By 30% blom begin blomme val. Meeste van die blomme val gedurende 30% blom. 'n Bespuiting tussen 20 tot 30% blom verseker dat 'n groot getal blomme al oop is en die bespuiting bedek alle blomblaartjies voor hulle val.

Swammiddels verminder die voorkoms van infeksie, maar sal nie *Sclerotinia* heeltemal beheer nie, veral as toestande gunstig is gedurende die blomperiode. As 'n algemene riglyn is die opbrengsverlies die helfte van die besmettingsvlak. Dus 20% besmetting veroorsaak 'n 10% opbrengsverlies.



Aviator® Xpro™ Reg. Nr. L10089. (Wet 36 van 1947). Bevat Biksafen en Protiokonasool. Waarskuwing.

Aviator® Xpro™ is 'n geregistreerde handelsmerk van Bayer AG, Duitsland. Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07 Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600 Tel: +27 11 921 5002

www.cropscience.bayer.co.za // www.bayer.co.za